

Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 25

> *Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here, maar nie met sy hele hart nie. (2 Kron 25:2)*

Halfhartige geloof kan nie staande bly nie. Dis die waarheid wat koning Amasia se lewensverhaal onderstreep. Die Here Jesus

het nogal daaroor gepraat. In Luk 9:62 lees ons dat Hy gesê het: “Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie.” Jesus vra heelhartige navolgers, mense wat Hom onwrikbaar en bewustelik volg.
Daar is te veel kerkmense wat deel van die gemeente is sonder dat hulle eintlik daaroor gedink en dan besluit het om navolgers van Jesus te wees. Hulle is in die kerk omdat dit is hoe hulle grootgeword het. Dis tradisie om aan die kerk te behoort. Hulle doen mee, maar hulle doen dit nie uit oortuiging nie. Sulke lidmate is uiters kwesbaar vir die versoekings en verleidings van die wêreld. Dis soos in Jesus se gelykenis van die saaier, waar die saad wat op die klipbank geval het, dit nie gemaak het nie omdat dit nie ordentlik wortel geskied het nie (Mark 4:5-6).
Lees gerus Heb 12:1-3, en neem dan opnuut die besluit om die Here heelhartig te volg.

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026